THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**

Vol. 10 PRETORIA, 10 AUGUST AUGUSTUS 2004 **No. 320**

We all have the power to prevent AIDS



AIDS
HELPLINE
0800 012 322
DEPARTMENT OF HEALTH

Prevention is the cure

CONTENTS • INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
	LOCAL AUTHORITY NOTICES		
1661	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Declaration as an approved township: Randparkrif Extension 83	3	320
1662	do.: Amendment Scheme 2396	6	320
1663	do.: Declaration as an approved township: North Riding Extension 93	7	320
1664	do.: Amendment Scheme 04-1324	11	320

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1661

DECLARATION AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the City of Johannesburg Metropolitan Municipality declares **Randparkrif Extension 83** to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY FACTAPROPS 1005 CC (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT/ TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINDER OF PORTION 7 OF THE FARM BOSCHKOP 199 IQ HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) Name
The name of the township shall be Randparkrif Extension 83.

(2) Design
The township shall consist of erven and the thoroughfares as indicated on General Plan S.G. No. 2763/2003.

(3) Provision and installation of services
The township owner shall make the necessary arrangements with the local authority for the provision and installation of water, electricity and sanitation as well as the construction of roads and stormwater drainage in the township, to the satisfaction of the local authority.

(4) Removal or replacement of existing services
Should it, by reason of the establishment of the township, become necessary to remove or replace any existing municipal, ESKOM or TELKOM services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(5) Acceptance and disposal of stormwater
The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of the adjacent roads and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

(6) Access
No access to or egress from the township shall be permitted via Kowie Road along the lines of no access as indicated on layout plan 15/3/372/1.

(7) Disposal of existing Conditions of Title
All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, except the following which only affects the street:

The servitude of right of way in favour of the general public vide diagram S.G. No. 7185/2000.

(8) Demolition of buildings and structures
The township owner shall at his own costs cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

(9) Erf for municipal purposes
Erf 4208 shall, prior to or simultaneously with registration of transfer of the first erf or unit in the township, at the cost of the township owner, be transferred to the local authority, for park purposes.

(10) Obligations with regard to services and restriction regarding the alienation of erven
The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil his obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services as well as the construction of roads and stormwater drainage and the installation of systems therefore as previously agreed upon between the township owner and the local authority. Erven may not be alienated or be transferred into the name of a buyer prior to the local authority certifying that sufficient guarantees/cash contributions in respect of the supply of services by the township owner have been submitted or paid to the said local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986.

(1) All erven

(a) Each erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Erf 4206

The erf is subject to a 4m wide stormwater servitude in favour of the local authority, as indicated on the General Plan.

P. Moloi, City Manager
(Notice No.783/2004)
August 2004

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1661

VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipalitiet hiermee die dorp **Randparkrif Uitbreiding 83** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VERKLARING VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR FACTAPROPS 1005 BK (HIERNA DIE AANSOEKDOENER/ DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP DIE RESTANT VAN GEDEELTE 7 VAN DIE PLAAS BOSCHKOP 199 IQ TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) Naam

Die naam van die dorp is Randparkrif Uitbreiding 83.

(2) Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en die deurpaaie soos aangedui op Algemene Plan LG Nr 2763/2003.

(3) Voorsiening en installering van dienste

Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref vir die voorsiening en installering van water, elektrisiteit en sanitêre dienste asook die konstruksie van strate en stormwaterdreinering in die dorp, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(4) Verwydering of vervanging van bestaande dienste
Indien dit as gevolg van die dorpstigting, nodig is om enige bestaande munisipale, ESKOM of TELKOM dienste te verwyder of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(5) Ontvangs en versorging van stormwater
Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by diè van die aangrensende paaie en alle stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, moet ontvang en versorg word.

(6) Toegang
Geen toegang tot of uitgang vanuit die dorp sal via Kowieweg langs die lyne van geen toegang soos aangedui op uitlegplan 15/3/372/, toegelaat word nie.

(7) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, behalwe die volgende wat slegs die straat raak:

Die serwituut van reg-van-weg ten gunste van die algemene publiek vide diagram L.G. No. 7185/2000.

(8) Sloping van geboue en strukture
Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(9) Erf vir munisipale doeleindes
Erf 4208 moet voor of gelyktydig met registrasie van oordrag van die eerste erf of eenheid in die dorp, op koste van die dorpseienaar, oorgedra word na die plaaslike bestuur vir parkdoeleindes.

(10) Verpligtinge ten opsigte van dienste en beperking betreffende die vervreemding van erwe
Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinering en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper alvorens die plaaslike bestuur bevestig het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van dienste deur die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is nie.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1) Alle erwe
(a) Elke erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir riolerings-en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2 m daarvan, geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings, en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

(2) Erf 4206
Die erf is onderworpe aan 'n 4m breë stormwaterserwituut ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangedui op die Algemene Plan.

P. Moloi, Stadsbestuurder
(Kennisgewing 783/2004)
Augustus 2004.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1662

AMENDMENT SCHEME 2396

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality herewith in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance No 15 of 1986, declares that he has approved an amendment scheme being an amendment of the Randburg Town Planning Scheme, 1976, comprising the same land as included in the township of **Randparkrif Extension 83**. Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Development Planning: Transportation and Environment: City of Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Amendment Scheme 2396.

P. Moloi, City Manager
(Notice No 784 /2004.)
August 2004.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1662

WYSIGINGSKEMA 2396

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe Nr 15 van 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Randburg Dorpsbeplanningskema, 1976, wat uit dieselfde grond as die dorp **Randparkrif Uitbreiding 83** bestaan, goedgekeur het. Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing: Stad van Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Wysigingskema 2396.

P. Moloi, Stadsbestuurder
(Kennisgewing Nr 784/2004.)
Augustus 2004.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1663

DECLARATION AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the City of Johannesburg Metropolitan Municipality declares **North Riding Extension 93** to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE NEW HOUSING COMPANY LTD (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT/ TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 504 OF THE FARM OLIEVENHOUTPOORT 196 IQ HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) Name
The name of the township shall be North Riding Extension 93.

(2) Design
The township shall consist of erven and a thoroughfare as indicated on General Plan S.G. No. 8687/2003.

(3) Provision and installation of services
The township owner shall make the necessary arrangements with the local authority for the provision and installation of water, electricity and sanitation as well as the construction of roads and stormwater drainage in the township, to the satisfaction of the local authority.

(4) Access
No access to or egress from the township shall be permitted via the proposed President Fouchè Drive.

(5) Provincial Government
(a) Should the development of the township not been completed on or before 31 October 2006 the application shall be resubmitted to the Department of Transport and Public Works (Gauteng Provincial Government) for reconsideration.

(b) If however, before the expiry date of the mentioned period, circumstances change in such a way that roads and/or PWV routes under the control of the said Department, are affected by the proposed layout of the township, the applicant shall resubmit the application for the purpose of fulfilment of the requirements of the controlling authority in terms of the provisions of Section 11 of Act 21 of 1940, as amended.

(6) Removal or replacement of existing services
Should it, by reason of the establishment of the township, become necessary to remove or replace any existing municipal, ESKOM and/or TELKOM services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(7) Acceptance and disposal of stormwater
The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of the adjacent roads and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

(8) Disposal of existing Conditions of Title
All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(9) Demolition of buildings and structures
The township owner shall at his own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

03000300

(10) Notarial tie of erven
The township owner shall at his own costs, after proclamation of the township but prior to the transfer of any unit/erf in the township, notarially tie Erven 2329, 2330 and 2331, to the satisfaction of the local authority.

(11) Restriction on the transfer of erven
Erven 2330 and 2331 shall only be transferred as part of the common property in the development scheme, to the body corporate established in respect of the residential erven in the township, which body corporate shall have full responsibility for the functioning and proper maintenance of the said erven and the essential services within the said erven.

(12) Endowment
The township owner shall, in terms of the provisions of Section 98(2) of the Town Planning and Townships Ordinance, 15 of 1986, pay a lump sum endowment to the local authority for the shortfall in the provision of land for a park (public open space), if applicable.

(13) Obligations with regard to services and restriction regarding the alienation of erven
The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil his obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services as well as the construction of roads and stormwater drainage and the installation of systems therefore as previously agreed upon between the township owner and the local authority. Erven may not be alienated or be transferred into the name of a buyer prior to the local authority certifying that sufficient guarantees/cash contributions in respect of the supply of services by the township owner have been submitted or paid to the said local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986.

(1) All erven
(a) Each erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the process of construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Erven 2330 and 2331
Erven 2330 and 2331 shall only be transferred as part of the common property in the development scheme, to the body corporate established in respect of the residential erven in North Riding Extension 93, which body corporate shall have full responsibility for the functioning and proper maintenance of the said erven and the essential services within the said erven.

P. Moloi, City Manager
(Notice No.755/2004)
August 2004

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1663

VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipalitiet hiermee die dorp **North Riding Uitbreiding 93** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VERKLARING VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR THE NEW HOUSING COMPANY BPK (HIERNA DIE AANSOEKDOENER/ DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 504 VAN DIE PLAAS OLIEVENHOUTPOORT 196 IQ TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) Naam
Die naam van die dorp is North Riding Uitbreiding 93.

(2) Ontwerp
Die dorp bestaan uit erwe en 'n deurpad soos aangedui op Algemene Plan LG Nr 8687/2003.

(3) Voorsiening en installering van dienste
Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref vir die voorsiening en installering van water, elektrisiteit en sanitêre dienste asook die konstruksie van strate en stormwaterdreinering in die dorp, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(4) Toegang
Geen toegang tot of uitgang vanuit die dorp sal via President Fouchè Rylaan toegelaat word nie.

(5) Provinsiale Regering
(a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor of op 31 Oktober 2006 voltooi word nie, moet die aansoek heringedien word by die Departement van Vervoer en Publieke Werke (Gauteng Provinsiale Regering) vir heroorweging.

(b) Indien omstandighede egter, voor die verstryking van die gemelde periode, tot so 'n mate verander dat paaie en/of PWV roetes onder die beheer van die betrokke Departement deur die beoogde uitleg van die dorp geraak word, moet die applikant die aansoek herindien vir doeleindes van die nakoming van die vereistes van die beherende liggaam in gevolge die bepalings van Artikel 11 van Wet 21 van 1940, soos gewysig.

(6) Verwydering of vervanging van bestaande dienste
Indien dit as gevolg van die dorpstigting, nodig is om enige bestaande munisipale, TELKOM en/of ESKOM dienste te verwyder of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(7) Ontvangs en versorging van stormwater
Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by diè van die aangrensende paaie en alle stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, moet ontvang en versorg word.

(8) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(9) Sloping van geboue en strukture
Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(10) Notariële verbinding van erwe

Die dorpseienaar moet op eie koste, na proklamasie van die dorp maar voor die oordrag van enige eenheid/erf in die dorp, Erwe 2329, 2330 en 2331 notarieël verbind, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(11) Beperking op die oordrag van erwe

Erwe 2330 en 2331 mag slegs as deel van die gemeenskaplike eiendom in die ontwikkelingskema, aan die Beheerliggaam, wat ten opsigte van die residensiële erwe in die dorp gestig is, oorgedra word, welke Beheerliggaam volle verantwoordelikheid sal dra vir die funksionering en behoorlike instandhouding van die gemelde erwe en die noodsaaklike dienste binne die gemelde erwe.

(12) Begiftiging

Die dorpseienaar sal, ingevolge die bepalings van Artikel 98(2) van die Dorpsbeplanning en Dorpe Ordonnansie, Nr 15 van 1986, 'n globale bedrag as begiftiging aan die plaaslike bestuur betaal vir die tekort in die voorsiening van grond vir 'n park (openbare oop ruimte), indien van toespassing.

(13) Verpligtinge ten opsigte van dienste en beperking betreffende die vervreemding van erwe

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinering en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper alvorens die plaaslike bestuur bevestig het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van dienste deur die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is nie.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1) Alle erwe

(a) Elke erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir riolerings-en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2 m daarvan, geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings, en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

(2) Erwe 2330 en 2331

Die erwe mag slegs as deel van die gemeenskaplike eiendom in die ontwikkelingskema, aan die Beheerliggaam, wat ten opsigte van die residensiële erwe in North Riding Uitbreiding 93 gestig is, oorgedra word, welke Beheerliggaam volle verantwoordelikheid sal dra vir die funksionering en behoorlike instandhouding van die gemelde erwe en die noodsaaklike dienste binne die gemelde erwe.

P. Moloi, Stadsbestuurder
(Kennisgewing 755/2004)
Augustus 2004.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1664

AMENDMENT SCHEME 04-1324

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality herewith in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance No 15 of 1986, declares that he has approved an amendment scheme being an amendment of the Randburg Town Planning Scheme, 1976, comprising the same land as included in the township of **North Riding Extension 93**. Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Development Planning: Transportation and Environment: City of Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Amendment Scheme 04-1324.

P. Moloi, City Manager
(Notice No 756 /2004.)
August 2004.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1664

WYSIGINGSKEMA 04-1324

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe Nr 15 van 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Randburg Dorpsbeplanningskema, 1976, wat uit dieselfde grond as die dorp **North Riding Uitbreiding 93** bestaan, goedgekeur het. Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing: Stad van Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Wysigingskema 04-1324.

P. Moloi, Stadsbestuurder
(Kennisgewing Nr 756/2004.)
Augustus 2004.

0103010

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg